

SENIOR TAALSPESIALIS: AFRIKAANS

Is jy 'n Afrikaanse taalloendi en taalversorger wat koppeltekenfoute en verkeerde kommas uitsnuffel? Steek dit jou dwars in die krop om “altwee”, “hulle, hulle” of “onmiddelik” raak te lees? Weet jy wat die verskil tussen “bymekaar” en “by mekaar” en “aanmekaar” en “aan mekaar” is? Ken jy die 2017-AWS van voor tot agter en beter as die palm van jou hand? Dis 'n bonus as jy 'n agtergrond in die uitgewersbedryf het, veral ervaring met skoolhandboeke.

Optimi Learning is op soek na 'n senior taalspesialis om die taalstandaard van alle Afrikaanse publikasies te handhaaf. Indien jy 'n passie vir onderwys ook het, is hierdie pos vir jou.

Vereistes

- Honneurs- of meestersgraad in Afrikaans (vereis), 'n kwalifikasie in vertaling (aanbeveel)
- Minstens vyf jaar gepaste ondervinding as taalversorger
- Uitmuntende kennis van Afrikaanse grammatika en taalgebruik
- Goeie algemene kennis en belangstelling in die wêreld om ons
- 'n Brein wat alles bevraagteken
- Goeie beplannings- en tydbestuursvaardighede
- Uitstekende navorsingsvaardighede
- Kreatiewe skryfvaardighede
- Die vermoë om die standaard van tekste/publikasies te evalueer en aan te pas soos nodig – beide die taalgebruik en inhoud van die teks/publikasie
- Kennis van die KABV-kurrikulum is voordelig

Pligte

- Handhaaf die gehalte van alle publikasies (handboeke), met spesifieke fokus op Afrikaanse boeke.
- Maak seker publikasies voldoen aan die DBO se KABV-vereistes.
- Maak seker publikasies is gebruikersvriendelik en op die regte vlak vir leerders en onderwysers.
- Koördineer en lei 'n span met skrywers, illustreerders, ander taalversorgers, kundiges, grafiese ontwerpers en moderators in die ontwikkeling van handboeke.
- Identifiseer en behartig grootskaalse herskryf van tekste/publikasies.

Die posisie is in Centurion gebaseer.

Slegs kandidate wat die taalvaardigheidstoets slaag, sal vir 'n onderhoud oorweeg word. Neem kennis dat voorkeur gegee sal word aan kandidate wat aan billike indiensnemingsvereistes voldoen en die nodige ondervinding en kwalifikasies het.

Stuur jou CV met die posbenaming as verwysing in die **subject line** aan recruitment@optimi.co.za.

Die sperdatum vir inhandiging van jou CV is 8 Maart 2021.